

Gee my 'n G.-E.-E.-S.!

'n Kinderpinkster-reeks

deur Etienne Snyman en Annelet Slazus

Gee my 'n G.-E.-E.-S!

Doel en hoofgedagte

Hierdie Kinderpinkster-reeks het die doel om die Heilige Gees opnuut en vars aan kinders voor te stel, met die daaropvolgende doel dat hulle vir die Gees lief raak, en met hom en sy werk bekend raak.

Waar ander Kinderpinkster-reekse dalk slegs reekse is oor algemene temas met 'n Bybelse inslag, is die fokus van hierdie reeks liewers om Pinkster te vier, bekend te raak met wat Pinkster is, en om moontlike onkunde in die kerk oor die Heilige Gees se persoon en werk aan te spreek.

Hierdie reeks fokus dus op kern teksgedeeltes in die Bybel, beide Ou en Nuwe Testament, wat beide die tyd van Pinkster en die persoon van die Heilige Gees tot vore bring, met speletjies en aktiwiteite wat daarby pas.

Metafoor

Die metafoor van 'n ballon word graag hier gebruik. Soos wat 'n ballon opgeblaas word om gebruik te word, vul die Heilige Gees ons om deur Jesus gebruik te word. Hierdie het ook implikasies van asem wat in 'n ballon geblaas word, soos wat lewe en asem in Esegïel 37 in die volk ingeblaas word.

Die metafoor van 'n ballon kan ook die versiering van die lokaal of lokale wat vir Kinderpinkster gebruik word inspireer en lei.

Inhoud en aanbieding

Daar is in totaal 7 byeenkomste, maar dit is nie noodwendig nodig om al 7 by jou gemeente aan te bied nie, en hulle kan gebruik en aangepas word soos benodig.

Die eerste en laaste aanbiedings, nr. 1 en nr. 7, is geskryf om op die twee Sondae aan weerskante van die Pinksterweek gebruik te word, d.w.s die eerste byeenkoms kan gebruik word op die Sondag aan die begin van Pinksterweek, en die sewende een op Pinkster Sondag. Hierdie byeenkomste kan net so gebruik word in jou kinderdienste, of kan aangepas word vir kategetiese groepe of jou eredienste.

Die ander 5 byeenkomste kan dan in die week gebruik word soos benodig.

Elke byeenkoms bestaan uit:

- 'n teksgedeelte, wat die fokus van die byeenkoms is,
- 'n poppekas-storie,
- 'n kort boodskap,
- 'n speletjie of ysbreker, en
- 'n aktiwiteit.

'n Voorgestelde verloop van hoe die byeenkoms kan afloop word ook ingesluit, maar dit kan natuurlik aangepas word om jou konteks beter te reflekteer.

Voorgestelde verloop en volgorde

1. Begin met 'n vriendelike verwelkoming.
2. Sing 'n paar kindervriendelike liedere saam, óf met 'n orkes, óf met 'n CD of ander opname. Maak seker daar is woorde vir die kinders om te volg, en probeer bewegings gebruik en dit baie vrolik maak.
3. Doen die speletjie of ysbreker.
4. Wys of doen die poppekas storie.
5. Vra die kinders wat hulle tydens die poppekas gehoor het.
6. Lewer die kort boodskap.
7. Bid saam.
8. Laat die kinders die aktiwiteit doen in kleiner groepies om tafels. Hulle kan dit altyd by die huis klaarmaak indien die tyd op raak
9. Eindig die ontmoeting af met iets warm te drink soos warm sjokolade of sop, afhangend van wat die konteks toelaat.

I. Pienk ster?

Handelinge 1:1–9, 2:1–4

Opsomming van byeenkoms

Tydens hierdie byeenkoms raak die kinders bekend met Pinkster, insluitend wat die term beteken en waarom ons dit vier. Hulle verstaan dat die Heilige Gees 'n sentrale rol in ons lewens speel en dat hy ons wys hoe om Jesus se werk in die wêreld te gaan doen.

Verduideliking van teksgedeelte

Die outeur van Handelinge begin deur terug te verwys na sy vorige boek, wat heel waarskynlik die boek Lukas is. Hierdie vorige boek het gehandel oor die begin van Jesus se openbare bediening, spesifiek alles wat Jesus vir ons gedoen en geleer het op aarde, en daarom lei ons af dat hierdie boek, Handelinge, handel oor hoe Jesus aanhou onderrig het en gewerk het, deur die werk van die Heilige Gees en sy kerk.

Hierdie teksgedeelte handel oor die laaste bevel wat Jesus aan sy dissipels gegee het voor sy hemelvaart. Voordat hierdie bevel gegee word, dra die outeur twee dinge oor wat belangrik is aangaande die veertig dae tussen Jesus se opstanding en sy hemelvaart: eerstens dat Jesus deur sy verskyning onbetwisbaar bewys het dat hy lewe, en tweedens dat Jesus in hierdie veertig dae oor dieselfde saak met hulle gepraat het as tydens sy aardse lewe en bediening, nl. die Koninkryk van God.

Jesus beveel die dissipels om nie met hul sendingwerk te begin voor hulle die gawe van die Heilige Gees ontvang het nie. Die dissipels weet dat die Gees die gawe van die eindtyd is, en vra of dit die tyd is waar Israel se koninkryk weer opgerig gaan word? Jesus skuif egter hulle fokus van wat einde beteken. Hulle moenie fokus op wat die tekens van die eindtyd is nie, maar oor wat hul taak as dissipels is voor die eindtyd: om die wêreld in te gaan en die goeie nuus van Christus te verkondig. Vir hierdie werk ontvang die dissipels dieselfde krag wat Jesus ontvang het: die Heilige Gees.

Na hierdie bevel is Jesus opgeneem en verskuil deur 'n wolk, sodat die dissipels hom nie meer kon sien nie.

In hoofstuk 2, met die manier hoe daar vertel word van die uitstorting van die Heilige Gees, word dit duidelik gemaak dat ons hier te doen kry met die begin van die wêreldsending. Die vervulling van die Gees lei direk daartoe dat die apostels Jesus begin verkondig, wel in ander tale wat daarop dui dat die evangelie van nou af na ander volke geneem gaan word. Die belofte van Hand. 1:8 begin vervul word.

Ysbreker / speletjie

Bla-bla

Dink aan sowat 5 tot 10 maklike, bekende frases vanuit bekende liedjies, gedigte of rolprente wat vir die kinders in jul konteks bekend sal wees. Hierby kan daar vir elke frase 'n opgemaakte taal uitgedink word, soos walvis-taal of *Minion*-taal. Skryf/tik hierdie frases en hul oorstemmende opgemaakte "tale" (moenie regte tale soos Frans of Japanees gebruik nie) op 'n bladsy, sodat daar dinge staan soos "I'll be back – in *Minion*-taal" of "Sing die liedjie *Let it go* in robot-taal."

Deel die kinders op in klein groepies, en laat hulle in hierdie groepies die frases vir mekaar vertaal soos aangedui. Elke kind kry 'n beurt om 'n frase te vertaal in 'n opgemaakte taal (maak seker daar is nie meer kinders per groepie as wat daar frases op die bladsy nie). Indien jy wil, kan jy vir elke groepie 'n dobbelsteen ook gee wat die kinders kan gooi om te kyk wie watter frase kry om te vertaal.

Benodighede:

- 'n Paar kopieë van die bladsy met die bekende frases en 'n opgemaakte taal by elke frase, genoeg vir al die groepies wat jy hiervoor indeel. (Daar kan minder kinders per groepie wees as frases, maar nie meer nie.)
- 'n Dobbelsteen (Opsioneel, maar dan kan daar net 6 frases per bladsy en 6 kinders per groepie wees.)

Poppekas storie

Opsomming van storie

Mossie en Annapop, die hoofkarakters van al hierdie poppekas stories, is beste maatjies. Nadat die kinders hulle geroep het, kom hulle uit, en Annapop begin die kinders vertel van Pinkster. Mossie verstaan nie heeltemal nie, en noem dit "Pienk ster", en dus wil hy alles vier wat pienk is. Annapop verduidelik hoe sy gehoor het dat Pinkster die tyd was wanneer die Heilige Gees eers op die kerk uitgestort is.

Mossie is baie opgewonde hieroor, en hulle begin saam beplan nie net hoe om Pinkster te vier nie, maar ook hoe hulle die wêreld kan verander met die nuwe krag wat die Heilige Gees vir hulle gee om Jesus se werk te gaan verrig.

Voorgestelde dialoog

(Die poppe word geroep en kom uit.)

Mossie: Hallo, maatjies!

Annapop: Hallo, maatjies!

Mossie: Hoe gaan dit?

(Laat die kinders sê hoe dit gaan.)

Annapop: Wat maak al die maatjies hier?

Mossie: Sjoë, dit lyk asof hulle vir ons kyk!

Annapop: Dan moet ons seker onself voorstel! My naam is Annapop, en hierdie is my beste maatjie, Mossie!

Mossie: Ja, ek is Mossie, en ek bly oorkant my beste maatjie, Annapop!

Annapop: O, Mossie! Vandag is 'n baie spesiale dag! Weet jy wat dit is?

Mossie: Moedersdag?

Annapop: *(lag)* Hie hie, nee!

Mossie: O, ek onthou nou! Iemand het vanoggend by die kerk gesê dit is Pienk Ster! Pienk Ster is wanneer ons alles vier wat pienk is! Spookasem, *marshmallows*, pienk melkies, blomme...

Annapop: Ai, nee, Mossie! Vandag begin ons Pinkster vier! Weet een van julle maatjies wat Pinkster beteken?

(Laat die kinders voorstelle gee.)

Annapop: Ja, vandag begin Pinkster! Ons begin vandag vier hoe God lank terug, en elke dag vandag ook, sy Heilige Gees na ons toe stuur, om ons te lei!

Mossie: Ai, dit is so lekker en fantasties om Pinkster te kan vier! Annapop, kan ons nie dalk 'n dansie daarvoor doen nie?

Annapop: Ja, kom ons doen dit!

(Annapop begin dans terwyl sy 'n liedjie opmaak.)

Annapop: Pinkster, pinkster pinkster ... !

Mossie: Ag, ag! Wag gou, ek sukkel 'n bietjie om saam te dans.

Annapop: OK, Mossie. Ek wag gou. Kan jy nou saam dans?

Mossie: Laat ... ek ... nooooouuuu ... probeer. OK, kom ons probeer weer!

(Annapop begin weer dans en sing.)

Annapop: Pinkster, pinkster pinkster ... !

Mossie: *(huiwerig)* Pinkster, ummm, pinkster?

Annapop: Sukkel jy 'n bietjie, Mossie!

Mossie: Ja, ek sukkel! Ek is nie so goed soos jy nie! Ek gee somer op!

Annapop: Maar, Mossie, ons moet nie opgee net omdat ons iets nie die eerste keer regkry nie!

Mossie: Maar wat anders kan ek doen! Ek is baie sleg hiermee!

Annapop: Mossie, onthou gou wat ons hierdie week vier!

Mossie: Pienk ster? O, nee, Pinkster!

Annapop: Ja! Ons dink aan hoe die Heilige Gees op ons elkeen gekom het, maak nie saak hoe goed of sleg ons dink ons is nie, sodat ons die hele wêreld kan verander met Jesus se liefde!

Mossie: Ja, maar gaan die Heilige Gees my help dans?

Annapop: *(lag)* Hie hie, Mossie! Ek weet nie, maar ek weet ons is elkeen deur die Heilige Gees spesiaal gekies om die wêreld te gaan verander met Jesus se liefde, so ons het darem iets om oor bly te wees!

Mossie: So, die Heilige Gees gee nie om hoe goed ek dans nie?

Annapop: Ek dink regtig nie so nie! Nee!

Mossie: En Jesus kies my nes ek is?

Annapop: Hy kies jou *omdat* jy is soos jy is!

Mossie: Maar dit is fantasties!

Annapop: Ja, dit is! Gaan ons weer probeer dans?

Mossie: Laat ek sommer begin! Pinkster, pinkster, pinkster ...

(Mossie begin dans en 'n liedjie opmaak. Annapop begin saam met hom dans.)

Annapop: Pinkster, pinkster, pinkster ... !

(Hulle dans 'n kort rukkie.)

Mossie: Ai, dit is so lekker om te kan dans!

Annapop: Ja, dit is! Is jy opgewonde, Mossie?

Mossie: Ja, ek is! Ek kan nie wag om te sien hoe Jesus my wil gebruik nie, en wat alles die Heilige Gees wil doen nie!

Annapop: Ons gaan sommer die hele week lank dit doen! Elke dag gaan ons daarvoor praat!

Mossie: Maar waarvoor wag ons dan? Ek wil sommer nou gaan slaap sodat ek reg is vir die volgende keer!

Annapop: Nou al? OK, maar ons moet eers totsiens sê vir die maatjies.

Mossie: Ja, kom ons sê totsiens!

(Hulle tel tot 3.)

Annapop: Totsiens, maatjies!

Mossie: Totsiens, maatjies!

(Die poppe verdwyn weer. Die einde.)

Boodskap

Wie weet wat Pinkster is? Pinkster is 'n tyd in die jaar wanneer ons vier hoe Jesus sy Heilige Gees na die kerk toe gestuur het, duisende jare terug, sodat ons alles het wat ons kort om Jesus se werk op aarde verder te gaan doen! Kom ons lees die verhaal:

Lees **Handelinge 1:1–9, 2:1–4**.

By Jesus se hemelvaart, het hy vir al sy dissipels vertel hoe hulle getuies vir hom gaan wees, wat beteken dat hulle vir almal moes gaan wys hoe lief Jesus vir hulle is. Maar hulle moes dit nie net doen waar hulle was nie, hulle moes uitgaan tot in die volgende land, Samaria, en tot elke land in die wêreld.

Maar, hoe kom hulle dit regkry? Jesus het sy Heilige Gees na hulle toe gestuur! Jesus het nie meer saam met hulle rondgestap nie, maar omdat die Heilige Gees binne-in almal gekom het, kon hulle vir almal Jesus se liefde gaan uitdeel omdat die Heilige Gees hulle gehelp en gestuur het om dit te doen!

Elke dag, waarookal ons gaan, lei en stuur die Heilige Gees ons ook, soos hierdie dissipels, na die hele wêreld, om Jesus se liefde vir almal te gaan deel! En net soos die dissipels gewone mense was, is ons ook gewone mense, maar omdat die Heilige Gees in ons leef, kan ons hierdie dinge doen!

Dit is waarom ons Pinkster vier! (*Neem 'n ballon en blaas dit op.*) Soos wat ons eers die ballon moet opblaas voordat ons dit kan gebruik, vul Jesus ons met die Heilige Gees sodat hy ons kan gebruik! By Pinkster onthou ons hoe ons elke dag deur Jesus gebruik kan word, en elke dag deur die Heilige Gees gevul kan word!

Aktiwiteit

Heilige Gees Ballonne

Maak ballonne met 'n prentjie van 'n duif met 'n vlam stert op, wat die Heilige Gees wat in ons woon en aan die werk is voorstel. Gebruik die prentjie langsaan as inspirasie.

Benodighede:
















- Genoeg ballonne en ballonstokkies sodat elke kind een van elk kry.
- 1 duif en 3 vlammetjie uitdruksels per kind (Daar is 'n temaplaat hiervoor aangeheg. Hierdie kan op gekleurde papier gedruk word indien moontlik.)
- 'n Paar stroke kreukelpapier per kind.
- Gom en skêre.
- Inkleur kryte/potlode indien uitdruksels op wit papier gemaak is.





Flamme
vir
akwititeit

Druk of
kopiëer
gerus



2. Ek is belangrik

Joël 2:28–32

Opsomming van byeenkoms

Tydens hierdie byeenkoms gaan daar gesels word oor hoe God nie net “spesiale” mense kies om te gebruik nie, maar liewers elke persoon, ongeag ouderdom, status of agtergrond, kies. Die kinders word vertel hoe hulle ook belangrik is in God se koninkryk, en hulle word aangemoedig om hulself só te beskou.

Verduideliking van teksgedeelte

Die groot en vreeslike dag van die Here (*YHWH*) word in hierdie boek aangekondig. Hierdie is ’n vreesaanjaende dag waar die hele aarde sou bewe. Tog is hierdie dag nie die einde nie, maar die begin. Dit is die dag van die Here se verlossing.

Die volk word in die voorafgaande teksgedeelte aangeraai om bymekaar te kom (Joël 2:15) en hulself voor die Here te ootmoedig. As gevolg van hierdie ootmoediging, word die volk deur die Here geseën met ’n herstelde land en nuwe reën (2:23). Die hoogtepunt van hierdie seëninge is dat die volk sou agterkom dat die Here hul God is (2:27), waarna die fokusteks dan volg.

Op hierdie dag van die Here, wanneer die volk, en tot ’n mate die hele wêreld, sal sien dat die Here God is, word sy Gees op almal, insluitend die randfigure, uitgestort. Alle mense en alle volke sal daardeur sien wie God is, en almal, nie net die Jode of diegene wat voorheen as belangrik beskou was nie, sou gered word indien hulle op die naam van die Here sou roep.

Hierdie is nie net ’n groot daad van insluiting nie, maar veral ’n daad van redding. Die fokus van die dag van die Here en die uitstorting van sy Gees is die redding van die hele wêreld, waar almal ingesluit en gered word, ongeag hul agtergrond.

Ysbreker / speletjie

Musical Statues met ’n twist

Speel *Musical Statues*, terwyl daar lekker dans musiek gespeel word. Terwyl die musiek speel moet almal dans. Op lukrake tye word die musiek gestop, en wanneer dit gebeur moet almal vries.

Die *twist* is dat nadat almal vir ’n sekonde gevries het, skree die aanbieder die woord “smelt.” Elke kind moet dan besluit hoe sy/haar gevriesde posisie lyk, en dan volgens dit optree, bv. as haar/sy gevriesde posisie soos ’n karate beweging lyk, dan moet sy/hy tydens die smelt-tyd optree soos iemand wat karate doen. As haar/sy gevriesde posisie soos ’n tier wat skrik lyk, moet daar daarvolgens optree word tydens die smelt-tyd. Gee so ’n paar sekondes dat die groep kan “smelt” en begin dan weer die musiek speel en herhaal die proses.

Benodighede:

- Lekker dans musiek op ’n CD of in ’n *playlist*.
- ’n CD-speler/rekenaar en luidsprekers om die musiek mee te speel.

Poppekas storie

Opsomming van storie

Mossie verskyn met 'n das, want hy wil belangrik wees, nes die dominee en skoolhoof. Aangesien hy nou die das dra is hy te belangrik om met sy maatjie, Annapop, te speel. Annapop besluit sy wil ook belangrik wees en gaan haal 'n serpie van oorsee om te dra. Sy is nou ook belangrik, nes 'n wêreldreisiger. Terwyl hulle speel waai Annapop se serpie weg. Sy dink dat sy nou niks meer kan doen nie, aangesien sy nie meer belangrik voel nie. Mossie besef egter dat sy maatjie nie verander het nie: serpie of nie, hy hou ewe veel van haar en sy is ewe belangrik vir hom.

Voorgestelde dialoog

(Die poppe word geroep en Mossie kom uit.)

Mossie: Hallo, maatjies! Hoe gaan dit met julle?

(Laat die maatjies sê hoe dit gaan.)

Mossie: Het julle my *fancy* das gesien? Ek het dit spesiaal vandag aangetrek, want ek wil belangrik wees net soos 'n dominee of die skoolhoof. Mmmm... ek wonder wat gaan ek doen nou dat ek so belangrik is?

(Annapop kom uit.)

Annapop: O hallo Mossie. Hoe gaan dit met jou? Ek het nie geweet jy gaan vandag hier speel nie?

Mossie: *(in 'n baie statige stem)* Hallo Annapop. Dit gaan goed dankie, maar ek is nie hier om met jou te speel nie. Ek is heeltal te belangrik vandag om met jou te speel.

Annapop: Wat? Hoe so Mossie? Ons is dan beste maatjies.

Mossie: Sien jy nie hierdie das wat ek aan het nie? Hierdie das beteken dat ek belangrik is soos 'n dominee of 'n skoolhoof. Maar, dit sal eintlik baie lekker wees as ek met jou kan speel, maar nee! Jy is nie belangrik genoeg nie.

Annapop: Nee sies, dis lelik van jou Mossie. Ek sal jou wys...ek is net so belangrik soos jy.

(Annapop verdwyn vir 'n kort rukkie. Mossie begin homself besig hou. Annapop kom weer op, maar dié keer dra sy 'n serpie.)

Annapop: Mossie, kom kyk. Ek is nou ook net so belangrik soos jy.

Mossie: Wat het jy daar om jou nek Annapop?

Annapop: Dit is 'n serpie, al die pad van oorsee af. Net belangrike mense wat die wêreld vol reis dra sulke serpies.

Mossie: Wil jy vir my sê dat jy nou ook belangrik is?

Annapop: Ja, ek is.

Mossie: Jippieeee! Ek is so bly, Annapop. Dit beteken ons kan nou weer saam speel. Wat gaan ons speel?

Annapop: Wat van wegkruipertjie? Ek sal eerste wegkruip en dan kan jy tel.

(Annapop gaan kruip weg.)

Mossie: 1...2...3...Hier kom ek.

(Mossie soek 'n bietjie vir Annapop terwyl hy mompel en vind haar na 'n rukkie.)

Mossie: Het jou! Nou is dit my beurt om weg te kruip.

(Mossie gaan kruip weg.)

Annapop: 1...Sjoe, die wind begin nou erg waai. 2...

(Annapop se serpie waai skielik af – trek Annapop se serpie versigtig af sodat jou hand nie te sigbaar is nie.)

Annapop: Ag nee! Daar waai my serpie weg! Wat gaan ek nou doen? As Mossie dit sien, gaan hy nie meer saam met my wil speel nie, want ek is nie meer belangrik genoeg nie.

Mossie: Annapop! Waar was jy? Ek het weggekruip vir soos 'n miljoen jaar, maar jy het my nie kom soek nie!

Annapop: Ai Mossie, terwyl ek getel het, het die wind so sterk begin waai en my serpie weg gewaai. Nou is ek nie meer belangrik nie!

Mossie: Wat? Nee! Dit kan nie wees nie Annapop. Ons het dan so lekker gespeel. Wat gaan ons nou maak?

Annapop: Ek sal seker maar huis toe moet gaan, want jy wil mos nie met mense speel wat nie belangrik is nie.

(Annapop begin stadig weg loop, terwyl Mossie baie hartseer is.)

Mossie: Ai julle, my hart is nou baie seer, want ek hou so baie van Annapop en ons speel so lekker saam. Dit is so 'n jammerte dat sy nie meer belangrik genoeg is om met my te speel nie. Wat dink julle, maatjies? Kan sy met my speel?

(Wag vir terugvoer.)

Mossie: Ek weet! Toe Annapop se serpie weggewaai het, het niks van haar verander nie. Sy het wel nie meer 'n serpie gedra nie, maar sy is steeds dieselfde maatjie waarmee ek so lekker gespeel het. Mmm... dit laat my nou dink... dalk is dit nie wat ons dra of hoe ons lyk wat ons belangrik maak nie, maar eerder wat binne in ons aangaan! Annapop! Waar is jy? Kom terug!

(Annapop verskyn weer.)

Mossie: Annapop! Annapop, ek het nou net besef, dat hoe jy lyk of wat jy aantrek jou nie belangrik en spesiaal maak nie. Almal van ons is belangrik, want God kies ons elkeen net soos ons is.

Annapop: Wil jy vir my sê dat jy nie iets hoef te doen of dra om belangrik te wees nie?

Mossie: Net so, Annapop!

Mossie: Kom ons gaan bêre hierdie lawwe das wat ek aan het. Ek het dit nie meer nodig om belangrik te wees nie.

Annapop: Ja, kom ons gaan. En laat ons vir die maatjies totsiens sê! Tata julle!

Mossie: Sien julle weer!

(Die poppe verdwyn weer. Die einde.)

Boodskap

Baie kere, by die skool of by enige plek, is daar spesiale mense wat spesiale dinge moet doen, en nie sommer enige iemand kan dit doen nie! 'n Hoofmeisie of hoofseun word spesiaal gekies om sekere dinge by die skool te doen wat ander nie kan doen nie, en ons lees selfs in die Bybel van spesiale mense, soos sterke Simson, wat spesiale dinge moes doen.

Maar, as ons verder die Bybel lees, sien ons dat God nie eintlik so werk nie!

Lees **Joël 2:28-32**.

Sjoe, ons lees hoe God sy Heilige Gees stuur op almal. Jong kinders, seuns en dogters, en almal wat nie belangrik is nie! Vir God, is elke persoon spesiaal en elke persoon het 'n spesiale taak om te gaan doen! Daarom stuur hy sy Heilige Gees op elke persoon!

Ons mag dalk dink dat God net vir spesiale mense kies om belangrike dinge te doen, soos 'n dominee of dalk my ouers, maar dit is nie waar nie! Ons is elkeen belangrik en spesiaal, en ons is elkeen spesiaal deur God gekies om sy liefde vir die wêreld te gaan uitdra. Al wat ons hoef te doen, is "ja" te sê.

Dit is soos 'n ballon. *(Blaas weer 'n ballon op sodat almal dit kan sien.)* Die ballon op sy eie is net 'n ballon, maar as dit opgeblaas is, dan kan ek daarmee speel, ek kan dit teen die muur hang, of enige iets daarmee doen. As dit opgeblaas is, is dit spesiaal, en net so maak die Heilige Gees ons almal baie, baie spesiaal, met 'n baie spesiale werk om te gaan doen!

Aktiwiteit

Teken myself

Laat die kinders elkeen hulself teken, of selfs verf, maar op 'n manier wat wys hoe God hulle spesiaal gemaak het en hoe die Heilige Gees hulle vir 'n spesiale taak uitverkies het.

Benodighede:

- Kryte, potole en/of verf, genoeg vir al die kinders.
- Papier en/of karton, genoeg vir al die kinders.

3. Hoe spel mens G.E.E.S.?

Johannes 16:5–15

Opsomming van byeenkoms

Hierdie byeenkoms fokus op die persoon van die Heilige Gees – spesifiek wie hy is en wat hy doen. Die fokus is veral daarop dat die Gees deel van God Drie-enig is, en dat Jesus die Heilige Gees na ons toe stuur om ons verder op te rig in Jesus se eie werk, en dat ons deur die Heilige Gees se werk vir Jesus sélf ook beter kan liefhê.

Verduideliking van teksgedeelte

In hierdie teksgedeelte is Jesus aan die woord die aand voor sy kruisiging. Hy vertel sy dissipels van sy kruisiging, opstanding, en hemelvaart. Hierdie nuus het die dissipels hard getref, maar Jesus verseker hulle dat sy weggaan tot hulle voordeel is. Die vertroosting op hulle hartseer lê in die belofte dat Jesus die Heilige Gees vir hulle sal stuur. Die feit dat Jesus die Heilige Gees die Trooster noem, gee vir ons 'n groot aanduiding van waarom Jesus die Heilige Gees vir sy dissipels, wat ons ook insluit, stuur. Die Trooster kom egter nie net om hulle, of ons, te vertroos in ons hartseer oor Jesus nie, maar ook om hulle, en ons, te lei om nader aan Jesus, wat die waarheid is, te leef.

Die drie dinge wat die Heilige direk gaan aanspreek volgens hierdie teks is sonde, geregtigheid, en oordeel. Hierdie is drie dinge wat ons weghou van God, omdat ons nie verstaan hoe God oor sonde, geregtigheid, en oordeel dink nie. Die Heilige Gees, intendeel, help ons om 'n beter verstaan hiervan te kry, 'n nuwe Goddelike openbaring.

Jesus sluit af deur te bevestig dat die Gees nie uit homself ons in die waarheid lei nie, maar alles doen tot die verheerliking en openbaring van Jesus.

Ysbreker / speletjie

Huise en huurders

In groepe van 3, laat 2 van die groep saam 'n huis vorm deur dat hulle lywe die kant mure voorstel en hulle arms, skuins na mekaar uitgesteek, die huis se dak vorm. Die derde persoon staan tussen hulle 2, onder die dak en stel die huurder, binne die huis, voor.

Wanneer daar “huis” geskree word, moet die huise hulle huurders verlaat en 'n nuwe huurder soek, sonder om hul huis formasie te breek. Wanneer daar “huurder” geskree word, moet die huurders hul huise verlaat en 'n nuwe huis soek. Wanneer daar “aardbewing” geskree word, tuimel almal inmekaar en nuwe huise en huurders moet mekaar vind.

Die groep wat elke rondte laaste is om 'n huis en 'n huurder te maak, sit uit en word die sogenaamde *Eagle Eyes* wat help kyk wie volgende laaste is en dan moet saam uitsit om ook *Eagle Eyes* te raak.

Poppekas storie

Opsomming van storie

Mossie en Annapop het gehoor dat mense wat in God glo, naby aan hom leef. Hulle besluit toe dat hulle van hul huise gaan weghardloop en by die kerkgebou gaan bly, want God woon mos by die kerk. Dit neem hulle egter baie lank om alles bymekaar te kry en toe dit aand word is hulle steeds nie by die kerk nie. Hulle besluit toe om maar vir die aand by Annapop se huis oor te slaap en die volgende oggend hulle reis na die kerk voort te sit. Gedurende die aand is Mossie egter baie bang vir die donker. Hy wens hy was al by die kerk, sodat hy naby aan God kan wees. Annapop aan die anderkant is glad nie bang nie, want sy weet die Heilige Gees is altyd by haar, omdat Jesus hom gestuur het om by ons te wees en ons te troos as ons bang of hartseer is. Hulle besef dat mens nie in die kerk hoef te woon om naby aan God te wees nie, want die Heilige Gees is altyd by ons.

Voorgestelde dialoog

(Die poppe word geroep en Mossie kom uit.)

Mossie: Hallo almal. Hoe gaan dit met julle? Het julle dalk vir Annapop gesien?

(Annapop kom uit.)

Annapop: Hey Mossie. Soek jy my?

Mossie: Ja, ek wil hoor of ek vandag by jou kan kom speel?

Annapop: Jy is baie welkom. Kom ons gaan.

(Die poppe beweeg asof hulle na Annapop se huis toe stap.)

Mossie: So wat wil jy vandag doen Annapop?

Annapop: Ek weet nie, het jy dalk 'n plan?

Mossie: Wel, ek het een idee, maar dis nogal iets groots en ek weet nie of jy dit sal wil doen nie.

Annapop: Sê vir my wat dit is.

Mossie: OK, maar jy moet eers na my hele plan luister voor jy iets sê.

Annapop: Dis reg.

Mossie: Ek dink ons moet weghardloop van die huis af (*Annapop gee 'n uiting van skok*) en by die kerk gaan bly. Ek het nou die dag gehoor dat mense wat in God glo naby aan hom leef. Toe dink ek dat ons twee mos in God glo, maar ons bly so ver van die kerk af, so al oplossing is dat ons kerk toe trek!

Annapop: Mossie, dis 'n briljante plan! Ek wou nog altyd naby God leef. Maar ons sal nou moet vinnig maak om alles wat ons nodig het, om daar te gaan bly, bymekaar te kry. Waar sal ons begin?

Mossie: Kos! Al kos wat ek ooit by die kerk kry is daardie droeë broodjies en soet sappies, maar dis net 'n happie en slukkie elke keer. Dit gaan nooit genoeg kos wees vir ons nie, so ons sal maar ekstra moet saam neem.

Annapop: Dis geen probleem nie. Hier is baie kos in ons huis. My pa het 'n hele laai vol sjokolades in sy studeerkamer wat hy dink niemand van weet nie. Hy sal nie eers agterkom as ons daarvan vat nie.

Mossie: En ons moet seker beddegoed vat...

Annapop: ...en klere en pajamas. Wat van goed om mee te bad?

Mossie: Nee, daar is nie 'n bad by die kerk nie. Net daardie klein bakkie met water in wat hulle gebruik om te doop. Ek dink nie ons gaan daarin pas nie. Kom ons pak net ons tandeborsels in.

Annapop: Ja, slim plan! En, met die dat die water deesdae so min is, sal ons help om water te spaar as ons nie bad nie.

Mossie: Daar is mos ook daardie groot wit ding voor in die kerk waarop mens kan videos kyk. Kom ons pak paar flieks in.

Annapop: Ja! En sommer 'n paar van daardie *glowsticks* wat jy vir my vir my verjaarsdag gegee het, sodat ons lig in die aande kan hê.

Mossie: Weet jy Annapop, ek dink ons is nou reg om te gaan. Ek dink ons het alles wat ons nodig het.

Annapop: OK. Ek wil nog net my teddiebeer in die sak gooi, dan kan ons...

(Annapop stop in die middel van haar sin.)

Annapop: Mossie! Kyk hoe laat is dit! Die son het al amper gesak. Ek weet nie of ons vandag nog by die kerk gaan uitkom nie.

Mossie: Ja-nee. Ons gaan 'n miljoen jaar neem om daar uit te kom. Ek sê jou wat. Kom ons slaap vanaand by jou, ons klim sommer nou al in die bed, en dan staan ons vroeg op in die oggend en vertrek op ons reis na die kerk.

Annapop: OK, kom ons doen dit. Kry bietjie ons slaapsakke daar...

(Mossie maak of hy die slaap sakke uitrol.)

Mossie: Reg so. Ek gaan nou inklim en slaap. Sit asb. die lig af Annapop.

Annapop: Dis reg. Ek sit die lig af en dan klim ek ook in.

(Annapop sit die lig af en gaan lê ook om te slaap.)

Mossie: Annapop! Annapop! Help my!

Annapop: Wat is fout Mossie?

Mossie: Die donker. Dis te donker. Ek is so bang Annapop.

Annapop: O Mossie, dis baie erg. Kom ek probeer jou help... mmm... wat van 'n liedjie? *(begin sing)* Loof Hom met die tromme, loof Hom met die harp! Kom maatjies, sing saam! Loof Hom met die klinkende simbale... Help dit Mossie? Alles wat asem het, loof, loof die Here! Alles wat asem het, loof, loof die Heer! Help dit?

Mossie: Nee Annapop. Glad nie. Ek voel steeds baie bang!

Annapop: Mmm... wat van as ek jou kielie?

Mossie: Nee moet asb. nie, want dan moet ek dalk badkamer toe gaan en as ek nou al so bang voel, hoe erg gaan dit nie wees as ek in die donker gang moet afstap nie?

Annapop: Ek weet... 'n *glowstick*. Ons het mos klomp ingepak om kerk toe vat sodat dit vir ons lig kan gee.

(Annapop verdwyn en kom terug met 'n glowstick.)

Annapop: Help dit, Mossie?

Mossie: Nee, die help ook nie! Die liggie is te klein. Ag, ek wens ons was al by die kerk sodat ons naby aan God was! Annapop, ons sal 'n plan moet maak, anders sal ek my pappa moet bel sodat hy my kan kom haal. Hoe kry jy dit reg om nie bang te wees nie?

Annapop: Mossie, ek raak ook soms bang en hartseer, maar dan bid ek net, want ek weet die Heilige Gees is altyd by my.

Mossie: Maar wag gou, ek dog dan dat die Heilige Gees in die kerkgebou bly. Is dit nie die hele rede hoekom ons kerk toe wou trek nie?

Annapop: Wag gou! Dit kan nie so wees nie! Die Heilige Gees bly nie in 'n gebou nie. Hy is orals en veral in ons harte. Hy sal vir ewig en altyd in ons harte wees. En hy is nie net daar om ons te troos en beskerm nie, maar ook om ons te help om soos Jesus se dissipels te lewe.

Mossie: Wil jy vir my sê ons hoef nie in die kerk te gaan bly om naby aan God te wees nie?

Annapop: As ek nou daaraan dink, nee ons hoef nie, want God is altyd by ons!

Mossie: Hierdie maak my sommer baie bly!

Annapop: Mossie, dit lyk vir my of jy nie meer bang is nie?

Mossie: Weet jy wat Annapop. Ek is nie meer bang nie, want God is naby my. Ek hoef nie na die kerkgebou toe te gaan om God by my te hê nie. Die Heilige Gees is altyd by my!

Annapop: Ek is so bly. Kan ons nou verder gaan slaap?

Mossie: Jip. Lekker slaap Annapop. Kom ons sê totsiens vir die maatjies! Totsiens, julle!

Annapop: Tatta!

(Die poppe verdwyn weer. Die einde.)

Boodskap

Wie weet wie die Heilige Gees is? (*Gee kans vir 'n paar reaksies.*) Ja, ons bely en glo dat die Heilige Gees, saam met God die Vader en Jesus Christus, God Drie-enig is. Ons verstaan nie presies hoe God drie-in-een is nie, maar ons kan in elk geval nie vir God heeltemal verstaan nie! Tog weet ons dat die Heilige Gees nie 'n krag of 'n wind is nie, of iets anders nie, maar God sêlf is!

Jesus het sy dissipels vertel wie die Heilige Gees is en wat hy doen.

Lees **Johannes 16:5–15**.

Jesus se dissipels was baie hartseer toe hulle gehoor het dat Jesus weg gaan! Ons almal sou seker ook hartseer wees! Tog het Jesus gesê dat dit goed is as hy weg gaan, want dan kan hy die Heilige Gees stuur, en die Heilige Gees gaan nie net vir hulle troos nie, maar ook vir hulle alles wat Jesus sê vertel!

Jesus se werk op aarde het nie opgehou nie! Die Heilige Gees bly in ons harte, as ons hom inlaat, en daarom is Jesus ook in ons harte – omdat Jesus en die Heilige Gees God is! En, omdat die Heilige Gees in ons harte is, weet ons wat Jesus se plan vir ons en die wêreld is!

(Blaas weer voor almal 'n ballon op.) Ja, toe Jesus na sy hemelvaart fisies die aarde verlaat het, het hy nog nader aan ons gekom deur nie net om ons te wees of langs ons te wees nie, maar deur *in* ons te wees, soos wat die lug binne-in hierdie ballon is! En hoe weet ons dit? Want hy het as sy Heilige Gees in ons kom leef soos wat hy sy dissipels belowe het.

Daarom is ons nooit alleen nie, maar vir ewig is Jesus binne ons, lei ons, en stuur ons na die wêreld!

Aktiwiteit

Kolwyntjies versier

Laat elke kind 'n kolwyntjie (“cupcake”) versier. Wanneer hulle dit klaar versier het, deel vir elkeen 'n kersie uit wat weer opsteek (“magic” of *re-lighting* kerse) en steek die kersie aan. Verduidelik aan die groep dat hierdie kersies simbolies is van hoe die Heilige Gees vir ewig en altyd in ons harte sal bly, nie in die kerk of 'n ander gebou nie. Vra hulle dan om die kersies dood te blaas. (Maak egter eers seker dat die kersies vir 'n rukkie reeds brand.) Die kersie behoort vir 'n sekonde dood te gaan, en behoort dan weer aan die brand te slaan. Wanneer dit gebeur, bevestig met die groep dat die Heilige Gees nooit uit ons harte sal gaan nie.

Benodighede:

- Genoeg kolwyntjies sodat almal een kry.
- Genoeg *re-lighting* kerse vir almal.
- Versiersuiker, plastiekmessies en lekkertjies om kolwyntjies mee te versier.
- Vuurhoutjies/lighters.
- Dalk 'n paar nat lappies byderhand vir al die taai vingers.

4. Lewe!

Esegiël 37:1,4–11,14

Opsomming van byeenkoms

Die fokus van hierdie byeenkoms is dat Christene niks op ons eie doen nie, maar dat ons die Heilige Gees in en vir alles kort. Die Heilige Gees maak ons lewendig, nie omdat ons fisies dood is nie, maar omdat ons nie sonder die Heilige Gees 'n lewe saam met God kan ken nie. In sulke tye kom gee die Heilige Gees ons lewe, en stuur ons om Jesus se koninkryk sigbaar te maak op die aarde.

Verduideliking van teksgedeelte

Esegiël ontvang 'n visioen vanaf die Here (YHWH) oor die volk wat deur die Babiloniërs verslaan is en in ballingskap sit. In hierdie visioen sien hy 'n vallei droë bene wat die hele volk van Israel uitbeeld. Die dooie, droë bene is 'n metafoor vir die volk wat verslaan is en hopeloos voel – asof hulle dood is.

In hierdie visioen moet Esegiël oor (of vir) die bene profeteer dat hulle weer lewendig sal word en weer sal gees kry en asem haal. Die bene kry senings, spiere en vel, maar is steeds dood. Dit is eers wanneer hy vir die wind, asem, of Gees profeteer dat die lyke weer begin asem haal en lewendig word. Hierdie lewendige groep persone is nie meer verslaan nie – hulle is nou 'n baie groot, sterk menigte.

Die Here sluit af deur te herhaal hoe die volk, deur hoop in wanhoop te kry, weer sal weet en verstaan dat Hy die Here is – iets wat hulle vergeet het voordat hulle verslaan is.

Ysbreker / speletjie

S.T.O.P. spel “Stop!”

Die kinders staan aan die eenkant van die vertrek en die aanbieder aan die anderkant van die vertrek met sy/haar rug na die groep gedraai. Solank die aanbieder se rug na die groep gedraai is, mag die groep so vinnig as moontlik probeer beweeg na die ander kant van die vertrek. Die aanbieder kan enige tyd omdraai en “STOP” skree. Wanneer dit gebeur moet al die kinders onmiddelik vries. As iemand in hierdie tyd beweeg en gesien word, moet hulle terug gaan na die begin. (Dit mag dalk nodig wees om vir die kinders te sê om net te loop, en om glad nie te hardloop nie, indien die lokaal baie klein en vol is.)

Poppekas storie

Opsomming van storie

Annapop sit vas in die drein gat nadat sy haar foon probeer uithaal het. Gelukkig sien Mossie haar en kom nader om te help. Terwyl hulle probeer om vir Annapop los te kry, kom daar 'n boelie wat dreig dat hy hulle gaan pap slaan as hulle nie dadelik uit sy pad kom nie. Mossie skrik so groot dat hy vir Annapop, wat steeds vas sit, net daar los. Hy los haar egter nie lank alleen nie, want die Heilige Gees het hom die krag gegee om terug te kom, al was hy bang, en op te staan teen die boelie.

Voorgestelde dialoog

(Die poppe word geroep en Mossie kom uit.)

Mossie: Hallo, halo julle. Hoe gaan dit vandag met julle? *(wag vir terugvoer)* Ai, dis so lekker! *(sug hard)* Ag, daar is niks op die televisie nie. Ek is somer verveeld. Wat kan ek gaan doen?

(Laat die kinders 'n paar goed opnoem en reageer.)

Mossie: Weet julle wat... ek dink ek gaan 'n bietjie gaan rond stap buite. Dink julle nie dis 'n goeie plan nie?

(Mossie maak of hy gaan stap en kan vir homself saggies sing. Annapop kom uit.)

Annapop: Help! Iemand, asseblief! Hellpppp!

Mossie: Hoor ek iemand wat om hulp roep? Huh? Hoor julle dit ook? Wag, laat ek gaan help! Ek kom!

(Mossie gaan nader om te help.)

Annapop: Help...!

Mossie: Is dit jy wat so roep?

Annapop: Ja, dit is ek.

Mossie: Wat is fout? Hoe kan ek help?

Annapop: Jy sien, ek was besig om op my selfoon te speel en toe loop ek in 'n lamppaal vas, want ek het nie gekyk waar ek loop nie. En toe ek in die lamppaal vasloop, het ek so groot geskrik dat ek my selfoon in die drein laat val het.

Mossie: Maar kom ons probeer jou selfoon uithaal.

Annapop: Ek het probeer, maar die gaatjie was te klein vir my arm en nou sit ek vas... dis hoekom ek om hulp roep!

Mossie: O my aarde, is dit die probleem? Wag, ek gaan jou probeer los kry.

Annapop: Ag, baie dankie. Ek waardeer dit so baie!

Mossie: OK, ek gaan jou nou begin trek. Jy moet sê as jy begin seer kry... dan sal ons 'n ander plan moet maak.

(Mossie probeer vir Annapop los kry. Hulle praat saggies daaroor. 'n Ander pop, 'n Boelie, kom uit.)

Boelie: Nou toe nou, wat het ons hier? Twee klein muggies wat in my pad is... ek dink ek moet hulle squash!

Mossie: *(bang en bewerig)* Uhhmm, nee jammer! Ons wil nie in jou pad wees nie, gee ons net 'n paar minute dan sal ons loop.

Boelie: Julle het 30 sekondes en dan gaan ek begin my vuiste rond swaai. Hoe durf julle in my pad wees?

Mossie: Ons is so jammer, ons maak so vinnig ons kan.

(Die boelie begin tel, saggies in die agtergrond.)

Annapop: O, Mossie, wat gaan ons maak? Die boelie gaan ons pap slaan as ons nie oor 30 sekondes weg is nie! Jy moet my help om hier los te kom!

Mossie: OK, hier gaan ons. Ek gaan trek op drie. Een, twee, drie!

Annapop: Dit werk nie, Mossie! Probeer harder.

Mossie: Hier gaan ek weer... Een, twee, drie!

Annapop: Mossie... ons tyd is amper op. Maak vinnig.

Mossie: Niks wat ek doen werk nie! Ek is so jammer, maar ek wil nie bly om pap geslaan te word nie. Ek dink... ek dink... ek moet myself maar eerder red. Ek is jammer ... !

(Mossie hardloop weg.)

Annapop: Mossie, nee! Mossie! Moet my asb. nie alleen los by die boelie nie. Mossie?! O aarde julle, wat gaan ek nou doen. Ek... ek...

(Boelie draai na Annapop.)

Boelie: Hallo, hallo, klein muggie! So, waar is jou maatjie dan nou? Het hy jou alleen gelos? Ag foeitog! Moenie worry nie, ek sal mooi met jou speel... *(bose laggie)* Ha, ha, ha!

Mossie: *(Mossie verskyn skielik weer.)* Hey, jy!

Boelie: *(sluk sy lag)* Huh? Wie durf so met my praat?

Mossie: Dis ek, Mossie! Ek dink jy moet nou ophou om ons te boelie, want ons het niks aan jou gedoen nie.

Boelie: Jy sal nie so met my praat nie! Ek sal jou wys wie's baas!

Mossie: Nee, ek is jammer. Ek wil nie ongeskik wees nie, maar dit is nie vir ons lekker dat jy ons so bang maak nie. Ons wil net lekker kan speel, sonder om bang te wees dat iemand ons gaan pap slaan. Jy is welkom om saam met ons te speel, as jy ons nie meer gaan boelie nie.

Boelie: Weet jy... ek sal jou... ek is nou sommer so kwaad dat ek gaan loop!

(Die boelie verdwyn.)

Annapop: Mossie! Hoe het jy dit reg gekry om op te staan teen daardie boelie? Nee, wag... hoekom het my alleen gelos?!

Mossie: Ek is regtig jammer! Ek weet nie hoekom ek so 'n selfsugtige bangbroek was nie, maar terwyl ek so weghardloop huis toe, toe voel ek hier binne in my hart dat dit nie die regte ding is om te doen nie. Ek wou nie na daai gevoel luister nie, want ek was so bang gewees. Ek was al amper by die huis toe ek weer daardie gevoel in my hart gekry het en toe weet ek...

Annapop: Wat weet jy toe?

Mossie: Ek weet toe dis die Heilige Gees wat vir my sê die manier hoe ek nou opgetree het was nie baie slim nie. Ek was besig om verkeerd op te tree eerder as om die regte besluite te maak. En toe onthou ek dat die Heilige Gees juis daar is om my te lei en te stuur om reg op te tree in die wêreld!

Annapop: O, ek verstaan... so die Heilige Gees het jou gehelp om die slim besluit te maak?

Mossie: Ja, maar dis nie al nie. Ek het geweet dis die slim besluit om terug te kom, maar ek kon dit net nie reg kry nie. Ek was te bang.

Annapop: Nou hoe het jy dit dan reg gekry?

Mossie: Dis eintlik wonderlik, Annapop! Ek het onthou dat ek nie op eie hoof terug te kom nie! Deel van die slim besluit is om te weet dat God se krag deur my werk. En toe bid ek dat God se krag deur my sal werk sodat ek kan terug kom *EN* op kan staan teen die boelie.

Annapop: Ek is so bly. Ek weet nie wat sou van my geword het as jy nie terug gekom het nie! Ek is so bly dat die Heilige Gees jou gelei het tot die slim besef dat God se krag deur jou kan werk. Amper soos 'n *super power*.

Mossie: (*lag*) Hie hie hie. Jy maak dalk 'n grappie, maar ek dink dis presies wat God se krag in ons is! God se krag is ons *super power* wat ons help om die krag te hê om alles te doen waarna toe hy ons roep.

Annapop: Sjoe, maar dis fantasties, Jy dink nie dalk daai *super power* van God sou vir jou dalk regte *power* ook gegee het sodat jy my uit hierdie gat kan trek nie?

Mossie: Ek weet nie. Kom ons kyk! Een, twee, drie...

(*Hulle trek Annapop los.*)

Annapop: Yay! Dankie Mossie!

Mossie: Jippie!

Annapop: Mossie, kom ons gaan kyk waar ons nog orals ons *super powers* kan gaan gebruik!

Mossie: Ja, kom ons gaan! Maatjies, ons gaan nou gaan kyk waar ons kan help! Totsien, maatjies!

Annapop: Totsiens!

(*Die poppe verdwyn weer. Die einde.*)

Boodskap

As ons "S.T.O.P. spel Stop!" speel, is dit net 'n speletjie! Maar dalk voel ons soms asof ons nie iets wil of kan doen nie, en dat ons gestop word om Jesus te kan volg. Dit is baie sleg, maar die Heilige Gees help ons hiermee!

Lees **Esegiël 37:1,4-11,14**.

Die profeet Esegiël het 'n visioen gesien waarin die Here hom geneem het, in die visioen, na 'n droë vallei vol droë bene. Toe moes Esegiël vir die bene profeteer oor hoe hulle weer sou spiere en senings en vel sou kry, en toe gebeur dit! Die geraamtes het vel en spiere en alles gekry, maar hulle het steeds nie geleef nie. Toe moes Esegiël vir die wind profeteer, dat die liggame weer gees sou kry en weer sou asem haal. Toe gebeur dit!

Hierdie droë bene in die visioen was die volk Israel, wat in ballingskap gesit het en so dood soos droë bene gevoel het. Maar toe hulle Esegiël se visioen hoor, kon hulle weet dat die Here nie van hulle vergeet het nie, en Hy het sy Gees na hulle toe sou stuur, soos die wind in die visioen, sodat hulle weer sou lewendig voel en weet dat die Here vir hulle omgee!

Ons is soms soos hierdie droë bene, of soos 'n leë ballon. (*Hou 'n leë ballon op.*) Ons voel dalk dat ons tot niks in staat is nie, of dalk dink ons selfs ons is die beste en kort nie die Here nie. Maar, as hy sy Heilige Gees in ons stuur ... (*blaas die ballon op*) ... dan kry ons lewe! Ons is dan tot baie in staat omdat die Heilige Gees ons help en stuur om te doen wat Jesus vra!


As ons soms voel dat ons niks kan doen nie, of as ons voel dat ons nie iemand kort nie, onthou net: net die Heilige Gees kan ons help om vir die hele wêreld God se liefde te wys! Ons moet hom net inlaat!

Aktiwiteit

Blaasspin wietjies

Laat elke kind hul eie blaasspin wietjie maak, om hulle te herinner dat die Heilige Gees ons lewendig maak.

Vou die karton in die helfte om 'n driehoek te vorm. Herhaal dit met die ander hoek, sodat daar buitelyne van 4 driehoeke op die karton is. Knip gleuwe in die karton waar die vou merke is, om 4 driehoeke te maak. Moet egter nie hierdie driehoeke los van mekaar knip nie. Sorg dat daar 'n paar sentimeter van elke vou merk ongeknip bly voor die middel.




Neem dan die regterkantste hoek van elke driehoek en vou dit na die middel van die karton waar al die lyne kruis. Druk die drukspyker deur die karton, sodat dit al die hoeke raak vang. Druk dan die drukspyker in die stokkie. Maak seker daar is 'n millimeter of wat speling, sodat die wietjie kan draai as dit geblaas word.

Benodighede:

- 'n Vierkantige stuk karton of papier, nie kleiner as 10cm x 10cm nie, vir elke kind. (Daar is 'n vorm wat op papier of karton gedruk kan word aangeheg.)
- 'n Stokkie soos 'n bamboes *chopstick*, 'n harde strooitjie, of iets soortgelyk – een per kind.
- 'n Drukspyker vir elke kind.
- Skêre.
- Kryte, plakkers ens. om die karton of papier mee te versier.

Blaasspin wieletjie vir aktiwiteit
Druk of kopieër gerus



5. Nuwe mens

Galasiërs 5:16–23,25

Opsomming van byeenkoms

Hierdie byeenkoms beklemtoon die verkil tussen om reëls te volg en om Jesus te volg. Aan die een kant is 'n moralistiese en nuttelose stryd om reëls te probeer volg, waar aan die ander kant kan gelowiges liewers vir Jesus volg onder die leiding van die Heilige Gees. Die vrug van die Gees word aan die kinders voorgestel, nie as 'n lys dinge wat hulle moet doen nie, maar as blote voorbeelde van hoe 'n lewe wat deur die Heilige Gees gelei word lyk.

Verduideliking van teksgedeelte

Hierdie teksgedeelte begin met v.16, wat in die Grieks sê: “wandel volgens die Gees,” wat beteken dat gelowiges hul, in 'n verhouding met Christus, deur die Gees moet laat beheers. Die Gees se werk rus gelowiges toe om al hulle kragte in diens van die Gees te stel. Die werkwoord “wandel” dui ook daarop dat dit 'n voortdurende aksie is, met voortdurende teenwoordigheid van die Heilige Gees. Die lewe deur die Heilige Gees bestaan nie uit 'n klomp losstaande dade nie, maar uit 'n ononderbroke innerlike bekering, gelei deur die Heilige Gees.

Ons begeertes en sondige natuur bots egter met die wil van die Heilige Gees wat ons begeertes en sondige natuur wil beheer. Daarom kan gelowiges nie doen wat hulle wil nie. Wanneer die Gees gelowiges lei staan hulle nie meer onder die wet nie, wat beteken dat hulle nie meer slawe van straf en sonde is nie.

Die praktyke van die sondige natuur word hier só gelys om klem daarop te lê dat hierdie praktyke eintlik baie bekend is, en dat ons almal weet ons is eintlik skuldig daaraan. Daarteenoor dui die woorde “vrug van die Gees” daarop dat hierdie soort praktyke of werke wat vrugte dra, nie iets is wat 'n mens kan doen nie (let wel dat dit “vrug” in die Grieks is, en nie “vrugte” nie). Dit is eerder iets wat groei uit die werk en leiding van die Heilige Gees.

Paulus gaan uit van die beginsel dat gelowiges deur die Gees lewe. Die Gees bepaal en lei hierdie nuwe lewensbeginsel waarvolgens ons moet lewe.

Ysbreker / speletjie

Simon says

Speel *Simon says*, waar die aanbieder 'n reeks bevale deurgee. Die kinders moet egter net die bevale uitvoer wat deur Simon gesê word. As hulle iets doen, maar Simon het dit nie gesê nie, is hulle uit.

Indien Simon sê: “Raak aan jou kop”, moet almal aan hulle koppe raak. As daar net gesê word: “Spring op en af” en van die groep spring, is hulle uit, want Simon het dit nie gesê nie.

(Maak seker dat daar tydens die boodskap terug verwys word na die speletjie. Daar moet weg beweeg word van 'n *Simon Says* leefstyl, waar die reëls blindelings gevolg word, want jy is bang jy doen iets verkeerd. Ons lewe nie volgens reëls nie, maar deur die Heilige Gees wat ons lei.)

Poppekas storie

Opsomming van storie

Annapop het die week by kinderpinkster gehoor dat sy vir ander van Jesus moet vertel. Sy het toe besluit dat sy dit graag wil doen, maar sy is bang dat sy dit verkeerd gaan doen. Daarom besluit sy dat sy die hele tyd met haar Bybel in haar hande moet loop, om seker te maak dat sy altyd die regte ding sê. Die probleem hiermee is egter dat haar hande nou te vol is omdat sy die hele tyd 'n Bybel vas hou. Sy kan niks anders doen nie. Haar maatjie, Mossie, kom vra haar of sy nie wil help om 'n ou tannie se pakkies huis toe te dra nie. Annapop wil baie graag help, maar sy kan niks reg kry nie, omdat haar hande so vol is. Mossie en Annapop maak toe planne om die Bybel aan Annapop vas te maak, sodat haar hande los is, maar sy steeds die Bybel by haar kan hê.

Voorgestelde dialoog

(Die poppe word geroep en slegs Annapop kom uit.)

Annapop: Hallo maatjies!. Hoe gaan dit met julle? Kry julle net so koud soos ek? Brrrr...! Ag, dis lekker om vandag weer by julle te kuier. Ek het hierdie week so baie saam met julle geniet, maar nou is daar 'n groot probleem, julle ... ek is so bang ek doen iets verkeerd en daarom wil ek die hele tyd 'n Bybel by my dra. As ek 'n Bybel by my dra sal ek altyd die regte ding doen. Wag, kom ek gaan haal my Bybel.

(Annapop verdwyn en kom weer uit met haar Bybel.)

Annapop: Hier's dit nou! My Bybel! Dit gaan my help om altyd die regte ding te doen. Maar, o aarde, hier is 'n groot probleem... as ek my Bybel die hele tyd moet rond dra, is my hande vol. Ek weet nie hoe ek iemand so sal kan help nie.

(Mossie verskyn.)

Mossie: Hei, Annapop! Ek is nou so bly ek sien jou. Ou Tannie Frieda staan daar by die winkel en moet huis toe loop met klomp pakkies. Ek het toe gesê ek sal haar enige tyd help dra en nog iemand kry om te help. Sal jy asb. kom help?

Annapop: Natuurlik sal ek... hier kom ek...

(Mossie verdwyn weer. Annapop probeer saam met hom gaan, maar sy sukkel te veel.)

Annapop: Ek kom... ek kom... ek kom te stadig, want hierdie Bybel is baie swaar en ook hoe gaan ek help dra as my hande so vol is? Dalk kan ek my Bybel neer sit? O, nee nee! Hoe gaan ek dan weet hoe om die regte ding te doen? Ai, dis nou vir jou 'n ding!

(Mossie verskyn weer.)

Mossie: Waar was jy, Annapop? Ek het vir jou gewag om te help, maar toe loop ek maar twee keer om al die pakkies gedra te kry!

Annapop: Ek is jammer, Mossie. Jy sien, ek kon nie vinnig genoeg beweeg nie, want ek moet hierdie groot Bybel oral saam my dra en ek het ook nie oop hande gehad om te help dra nie.

Mossie: Maar hoekom moet jy die Bybel oral saam jou dra?

Annapop: Mossie, ek wil probeer om die regte dinge te doen en as ek nie die Bybel by my het nie, kan ek nie die regte dinge doen nie.

Mossie: O, ek verstaan. OK, kom ons probeer dan die Bybel aan jou vasmaak, sodat jou hande steeds oop is.

Annapop: Dis nou 'n slim plan! OK, wat sal ons eerste probeer?

Mossie: Ek het 'n idee! Wat van... *cellotape*? Ek gaan haal gou... (*verdwyn vir 'n sekonde en verskyn weer met kleeflint*) Hierso... kom ons plak jou vas...

Annapop: Werk dit?

Mossie: Amper! Wag net... OK. Kom ons kyk!

(*Die Bybel val af.*)

Annapop: Nee, dit werk nie! Wat nou?

Mossie: O, ek het 'n idee... (*verdwyn vir 'n oomblik en kom terug met gom*) Gom! Ons plak dit vas met gom! Kom laat ons kyk...gom...gom...gom...

Annapop: Ek is seker gom sal werk. Werk dit?

Mossie: Nee, ook nie. Die Bybel is te swaar. Wat van... (*verdwyn weer en kom terug met spykers*) Ons kap dit vas met 'n spyker!

Annapop: Nee! Asseblief nie!

Mossie: Mmmm... dalk nie 'n spyker nie. Dit gaan seer wees ja. OK, hierdie is my laaste idee... (*verdwyn weer en kom terug met 'n krammasjen*) Ons *staple* dit vas!

Annapop: Nee, nee, ek hardloop sommer weg!

Mossie: Moenie weg hardloop nie, Annapop. Maar wat kan ons doen?

Annapop: Ek weet nie! Ek sal maar met die Bybel *MOET* rondloop.

Mossie: Maar Annapop, as jy die Bybel vashou, kan jy in elk geval nie die regte dinge doen nie, want jou hande is te vol om dit te doen.

Annapop: Ai, dis waar! Hoe kry jy dit dan reg om die regte dinge te doen, Mossie?

Mossie: Ek kry dit nie altyd reg nie, maar ek bid en vra vir Jesus om my te help. En dan vra ek die Heilige Gees om my te lei. Dan wanneer ek weet Hy lei my lewe en my aksies, weet ek dat ek net vir Hom kan vra of iets reg en of dit verkeerd is.

Annapop: So jou hande is nooit te vol om mens te help nie?

Mossie: Nee, want hoe kan ek dan in elk geval mense help? Ek kort my hande om mense te help.

Annapop: Dis baie waar. As ek my Bybel vashou kan ek vir niemand help nie. Ek moenie so bang wees om iets nie reg te doen nie, want Jesus is mos altyd by my! Hy is nie net by my as ek my Bybel lees nie!

Mossie: Dis reg! Hy is altyd by ons. En dis hoekom ons altyd sy liefde met ander moet deel.

Annapop: Ja! Kom ek sit nou my Bybel neer sodat my hande oop kan wees om mense te gaan help soos wat Jesus sou doen. (*sit Bybel neer*) Daarsy. Kyk, Mossie, ek kan nou mense help! Kom ons gaan soek iemand om te help!

Mossie: Ja, kom ons gaan! Kom ons sê totsiens vir die maatjies!

Mossie & Annapop: Tata, julle!

(Die poppe verdwyn weer. Die einde.)

Boodskap

Het julle lekker *Simon says* gespeel? Wie hou daarvan en wie hou nie daarvan nie? (*Gee kans vir terugvoer.*) In *Simon says* moet ons mos alles doen wat Simon sê, maar ons moet al die res nie doen nie, nê? Dis 'n lekker speletjie, maar hoe doen ons wat Jesus sê? Hoe speel ons, of liewers, hoe *leef* ons soos *Jesus says*?

Lees **Galasiërs 5:16–23,25**.

Paulus skryf hier vir die kerk in Galasië, en vertel vir hulle hoe dit wat hulle wil doen, en dit wat die Gees wil doen, nie altyd dieselfde ding is nie! Ons wil altyd doen wat die beste vir ons is, vir my, vir die groot *EK*, maar die Heilige Gees probeer ons lei om te doen wat Jesus wil hê. Ons moet net van onself vergeet en hom toelaat!

Die dinge wat ons wil hê is dinge soos selfsug, leuens, en alles wat ek aan ander mense doen om my eie sin te kry. Maar, wat die Gees wil hê is dinge wat ander mense help *voordat* dit vir *my* help: liefde, vreugde, vrede, nederigheid, goedheid, en om net meer en meer soos Jesus te wees!

As ons 'n lys maak van al die dinge in hierdie vers soos liefde en selfbeheersing, vriendelikheid en geduld, gaan ons dit net regkry om 'n lys reëls te maak en te probeer nakom. Dit is simpel. Wat ons liewers moet doen is elke dag bid dat die Heilige Gees ons vul en lei om soos Jesus te wees, en dan al my *EIE EK*-gedagtes en -aksies los!

As ons die *EIE EK* los en die reëls los, en die Heilige Gees liewers volg, dan lyk ons meer soos Jesus!


Aktiwiteit

Ons dra vrugte



Laat elke kind iets waarmee hulle sukkel op 'n papier vruggie skryf/teken, die vruggie versier en dit teen die groot boom wat op 'n plakkaat geteken/geverf is, plak.



Benodighede:


- Buitelyn uitdruksels van verskillende soorte vrugte, meer as genoeg vir al die kinders. Hierdie kan selfs op kleurpapier gedruk word indien nodig.
- Inkleur kryte/potlode en skêre, genoeg vir almal.
- 'n Groot boom wat gedruk, geteken of geverf is op 'n plakkaat, êrens teen 'n muur opgeplak.
- Wondergom, genoeg vir die plakkaat en al die vruggies.





Vrugte vir aktiwiteit
Druk of kopieër gerus







Vrugte vir aktiwiteit
Druk of kopieër gerus



6. Liefde, die beste

1 Korintiërs 12:27,31; 13:1–3,8–10,12–13

Opsomming van byeenkoms

Die kinders word blootgestel aan die gawes van die Gees. Hulle word aangemoedig om meer daarvan uit te vind, maar word ook herinner aan die sentrale lering en die belangrikste gawe van almal: liefde. Die fokus bly op die liefde as die grootste en belangrikste gawe van die Gees. Daar word daarteen gewaarsku om 'n ander gawe te probeer kry, of om soos ander mense met sekere gawes vervul te word, aangesien slegs die liefde die sentrale eienskap is van iemand wat gevul is deur die Gees, nie enige ander gawe nie.

Verduideliking van teksgedeelte

God se Gees rus sy kinders toe om sy werk op aarde te kan verrig. Tog is sy werk baie uiteenlopend en groot, en dus is verskillende mense toegerus om verskillende take te verrig. Hierdie gebeur nie in 'n vakuum nie, maar die verskillende mense wat verskillend toegerus is, vul mekaar aan om een groot Kerk te vorm wat ten volle toegerus is om die wêreld te verander.

In hierdie teksegedeelte vermaan Paulus die gemeente om nie te roem in hul geestelike gawes nie, maar eerder die grootste gawes na te jaag, waarvan liefde die grootste is. Liefde is die begin- en eindpunt van alle gawes en Christelike diens. Diegene wat roem in hul gawe, of ander probeer oortuig om hul gawe ook te probeer verkry, is net geraas (1 Kor. 13:1).

Enige aksies wat persoonlik verrykend is, selfs aksies soos om die randfigure van die samelewing op te hef, waar 'n persoon kan roem in wat hulle reg gekry het, of hoe die Here hulle geseën het om hul gawe te kan gebruik, is nutteloos.

Die liefde is bo alle gawes, en is die middelpunt van alle gawes. Die ander gawes kan maar kom of gaan, (13:8) maar die liefde is die belangrikste, en moet liewers nagejaag word as 'n "goeie" of "Christelike" lewe.

Indien alle ander gawes of aksies verdwyn, sluit Paulus af, moet slegs geloof, hoop, en liefde oorbly, aangesien hierdie die essensie van die werk van die Gees is, en die grootste hiervan, natuurlik, is die liefde.

Ysbreker / speletjie

Loop-aan-aan

Speel *loop-aan-aan*. Dit werk net soos gewone aan-aan, behalwe dat niemand mag hardloop nie, en almal slegs mag loop. Kies wie die persoon (of meer as een as dit 'n groot groep is) wat aan gaan wees. Laat die groep begin om weg te loop vir daardie persoon.

Elke nou en dan kan daar 'n ekstra uitdaging gegee word om by te las by die manier hoe die groep moet weegkom van die persoon wat aan is bv. "Niemand mag arms gebruik nie" of "Almal moet op hulle rug rondseil", en dan moet die kinders verder só speel.

Poppekas storie

Opsomming van storie

Mossie het gehoor dat hy Jesus se liefde vir ander moet gaan wys. Hy begin om mense te help, en hy help ook 'n Kwê-voël, maar terwyl hy almal help, vergeet hy waarom hy in die eerste plek begin het om ander te help. Hy help ander, nie omdat hy Jesus se liefde met hulle wil deel nie, maar omdat dit hom goed en belangrik laat voel. Annapop herinner hom dat hulle nie dinge moet doen om te probeer belangrik wees nie, maar dat hulle liewers moet toelaat dat God se Gees vir hulle liefde gee om uit te deel.

Voorgestelde dialoog

(Die poppe word geroep en Mossie kom uit.)

Mossie: Hallo, hallo, al die maatjies! Hoe gaan dit vandag met julle? *(wag vir antwoord)* Ek het hierdie week gehoor dat die Heilige Gees in my woon, en my help om meer en meer soos Jesus te wees, sodat ek sy liefde in die wêreld kan uitdeel! Weet julle, dit voel sommer of die Heilige Gees my oë oopmaak om die nood in die wêreld raak te sien! Ek stap sommer rond en kyk waar kan ek mense help.

(Mossie begin rondstap. Annapop kom uit en sit in 'n boom vas.)

Annapop: Mossie! Is dit jy daaranderkant? Kom asb. vinnig! Mossie!

Mossie: Hoor ek iemand wat my naam roep? Ek koooommmmm...!

(Mossie gaan nader.)

Annapop: Help...!

Mossie: Is dit jy wat so roep, Annapop?

Annapop: Ja dis ek! Help my!

Mossie: Wat is fout? Hoe kan ek help?

Annapop: Ek sit in die boom vas Mossie. Ek het my bal uit die boom kom haal. Ek kry toe my bal los en gooi dit af, maar toe ek af wou klim, kon ek nie, want my hare sit toe vas in 'n tak. Nou is my bal los, maar ek vas en ek kry nie beweeg nie. Sal jy my asb. kan los help?

Mossie: Enige tyd! Daarsy, kom ons sien wat gaan hier aan... *(hy begin kyk na die probleem)* O, ja, nee! Jy sit lekker vas... *(hy begin om haar los te maak)* 'n Bietjie hier los maak, bietjie daar lostrek en...

(Annapop kom los van die boom.)

Annapop: Wow! Ag, baie dankie. Wil jy saam kom bal speel?

Mossie: Weet jy, nee dankie. Vandag probeer ek my oë oop hou vir mense wat my hulp kort. Maar volgende keer speel ek beslis saam!

Annapop: OK. Lekker mense help! Tata!

(Annapop verdwyn weer.)

Mossie: Ek moet op en wakker wees om te sien wie kort my hulp...

(Kwê, 'n kwê-voël wat slegs "kwê" kan sê, versykn.)

Kwê: Kwê... kwê... kwê!

Mossie: Haai, daar is Kwê! Hallo, Kwê!

Kwê: Kwê... kwê... kwê!

Mossie: Nou wat is hy so ontsteld? Ek wonder of daar iets fout is? Is alles OK, Kwê?

Kwê: Kwê... kwê... kwê!

Mossie: Ai nee, regtig? Kwê vertel nou vir my dat sy troeteldier akkedis weggehardloop het! Hy het per ongeluk sy nes se deur oop gelos en nou is die akkedis weg. Maar moenie bekommerd wees nie Kwê, ek sal jou help soek.

Kwê: Kwê... kwê... kwê!

Mossie: Kom ons gaan soek. Akkedissie... akkesissie... waar is jy?

(Hulle soek so 'n rukkie na die akkedis.)

Mossie: Kwê, ek dink ek sien hom, daar op daai agterste boom... vinnig vlieg en gaan kry hom!

Kwê: Kwê... kwê... kwê!

Mossie: Dis 'n plesier... ek help enige tyd... haai julle, ek is so bly ek kan vir almal so help!

(Kwê verdwyn weer. Annapop kom hartseer op.)

Mossie: Kyk, hier is Annapop weer! Sy lyk sommer baie hartseer. Kom ek gaan kyk of ek haar kan laat glimlag. Hi, Annapop. Hoekom lyk jy so hartseer?

Annapop: Ai, ek is baie hartseer, want niemand wil saam met my kom bal speel nie. Almal lag vir my en hardloop dan weg.

Mossie: Haai nee, dis darem nie mooi nie, maar moenie langer daaroor hartseer wees nie. Hoe kan ek jou gelukkig maak?

Annapop: Ek weet nie! Jy kan nie!

Mossie: Wag... kom ek probeer... wat is swart en wit en maak baie geraas? ... 'n Zebra wat dromme speel!

(Annapop gee 'n klein laggie.)

Annapop: Hie.

Mossie: Daarsy, dit was 'n klein laggie. Nog een... nog een... hmmm. Wat het vier bene, maar kan nie loop nie? ... 'n Stoel!

Annapop: *(lag)* Ha ha ha ha ha! Lekker lag ek nou. Dankie, Mossie. Ek voel sommer baie beter. Dankie dat jy gesien het dat ek hartseer is en my gelukkig gemaak het.

Mossie: Sjoie, hier is darem baie hartseer mense in hierdie wêreld. Ek is so bly ek kon hulle help. Wat sou al hierdie mense sonder my gemaak het? Ek is so goed, en so slim! En belangrik! Al hierdie arme mense kort my. Ek is tog net so goed vir hulle! Hulle kort my!

Annapop: Huh? Dit klink nie so lekker nie Mossie! Mens moet mos nie ander help omdat dit jou belangrik en goed laat voel en laat dink dat jy beter as ander is nie. 'n Mens help mos ander omdat die Heilige Gees jou help om Jesus se liefde uit deel!

Mossie: Annapop! Hoe laat jy my nou skaam kry. Ek het dit eintlik geweet... dit is hoekom ek begin het om ander te help, maar iewers het ek vergeet dat ek net hierdie dinge kan doen omdat die Heilige Gees my help.

Annapop: (*in 'n tergende stem*) Nou waarom moet ons eintlik mense help, dink jy?

Mossie: Ek moet ander help omdat ek vir hulle lief is en Jesus se liefde met hulle wil deel, nie omdat ek goed daarin is om mense te help nie. (*vir die kinders*) Haai julle, ek gaan baie hulp nodig hê om Jesus se liefde wat deur my straal met almal te gaan deel. Sal julle klomp my help? (*gee tyd vir reaksie*) Fantasties! Ons moet ons oë oop hou om ongelukkige mense raak te sien, en Jesus se liefde met hulle te gaan deel. Dis die belangrikste ding wat ons moet doen.

Annapop: Ja, en ons doen dit nie omdat ons so goed is en die arme mensies ons kort nie! Nee, ons doen dit want Jesus is lief vir hulle!

Mossie: Kom Annapop, kom ons gaan help nog mense.

Annapop: Ja, kom ons gaan help die hele wêreld!

Mossie: Sien julle weer, maatjies!

Annapop: Koebaa!

(Die poppe verdwyn weer. Die einde.)

Boodskap

Hoe lyk 'n Christen? As iemand in die straat afstap, kan mense sien of hulle 'n Christen is of nie? (Gee kans vir antwoorde.) Baie mense mag dalk sê dat Christene só of só moet lyk of optree, maar daar is eintlik net een ding wat van iemand 'n Christen maak, en ons gaan nou daarvan lees.

Lees 1 Korintiërs 12:27,31; 13:1-3,8-10,12-13.

Paulus het hier geskryf vir 'n gemeente wat net omgee het oor wie die grootste, beste, of wow-ste gawes ontvang het van die Heilige Gees. Hulle het vir mekaar gesê dat net een of die ander, net hierdie of daardie gawes goed genoeg is, en as jy 'n gawe het vir gasvryheid of geloof, is jy nie goed genoeg nie, maar moet liewers 'n gawe probeer kry van profesie of tale. Paulus het vir hulle geskryf oor hoe dit glad nie waar is nie!

Die belangrikste is liefde! Om lief te wees vir mekaar is belangriker as om die slimste of beste te wees. As ons vir almal liefhet, met die liefde wat die Heilige Gees vir ons gee, is ons besig om die grootste en beste gawe van almal uit te leef!

Ons kan alles in ons mag doen om die beste Christene te wees, om alles reg te doen of om die grootste gawes te probeer hê, maar al wat op die ou end saak maak is of ons vir almal onvoorwaardelik liefhet! En, dit is die Heilige Gees wat ons wys hoe om dit te doen!



Aktiwiteit



Jesus-harte

Laat almal 'n karton hartjie (of kruis as hulle nie 'n hartjie wil maak nie) uitknip, inkleur/versier, en met 'n tou of wol om hulle nekke vasmaak. (Daar is 'n templaar wat mens kan druk of afrol aangeheg.)

Benodighede:

- Genoeg karton hartjies en/of kruise, en stukkie tou of wol, vir almal.
- Inkleure potlode/kryte en plakkers om die harte/kruise mee te versier.
- Iets om 'n gaatjie in die hartjie/kruis te maak, soos 'n skêr of gaatjiepons.





7. Wat nou?

Handelinge 1:8,2:1–13

Opsomming van byeenkoms

Aan die einde van die Pinksterweek, word die week se byeenkomste tot 'n punt gebring. Die Pinksterfees sêlf word gevier deur te lees van die tonge van vuur wat op die dissipels se koppe gekom het en hoe die kerk ontstaan het. Die fokus hierby is nie net om die Pinksterfees te verstaan of te vier nie, maar om te besef dat die Gees daaglik op elkeen wil kom en daaglik die wêreld wil ingaan en verander.

Verduideliking van teksgedeelte

Voor sy hemelvaart, het Jesus belowe dat hy ewig by sy dissipels sou wees, en het hulle toe uitgestuur, uit Jerusalem, tot in Samaria en die hele wêreld.

Toe die dag van Pinkster aangebreek het, die dag waarop die Jode die gawe van die Wet van Moses vier, 50 dae na die Pasga of Paasfees, en kort nadat Jesus hierdie instruksies aan sy dissipels gegee het, was Jode uit alle volke en uit alle uithoeke van die wêreld in Jerusalem bymekaar vir die Pinksterfees.

Met hierdie agtergrond, het Jesus se dissipels, wat uit baie meer as net die oorblywende elf apostels bestaan het en 'n redelike groot groep teen daardie tyd was, weggekrui uit vrees vir die Jode wat Jesus se volgelingen wou vervolg. Op hierdie bang groep mense is die Gees uitgestort, en elkeen is bemaagtig om te doen dít wat die Heilige Gees vir hulle wou gee (Hand. 2:4).

Saam met hierdie uitstorting van en deur die Gees, is 'n harde gedruis gehoor, wat hierdie Jode uit verskillende nasies gelok het, en die dissipels was bemaagtig om in elkeen se eie taal die evangelie te verkondig.

Hierdie wonderwerk het ongeveer 3,000 mense daardie dag tot bekering gebring, lees ons later, direk as 'n gevolg van hoe die Gees die dissipels in staat gestel het om oor Jesus te praat en sy werk op aarde verder te kon voortbring.

Die doel van die eerste uitstorting van die Gees, en elke daaglikse uitstorting, van elke gawe en bemaagtiging, is om Jesus se visie, dat alle volke van sy liefde sou leer, tot stand te bring.

Ysbreker / speletjie

Apie jaag vir skapie

Kinders hou hande vas in 'n sirkel. Neem twee *hula-hoops* en sit elk op 'n ander plek (verkieslik teenoor mekaar) in die sirkel, deur by twee plekke kinders te vra om hul hande te los, hul arms deur die *hula-hoop* te steek, en dan weer hande te vat. Die *hula-hoops* is dan in die sirkel ingeryg en kan om die sirkel beweeg.

Die kinders moet dan deur die *hula-hoops* klim sonder om hande te los, in 'n poging om die twee *hula-hoops* bymekaar te kry, die een *hula-hoop* moet dus die ander een probeer vang. As julle 'n groot groep is, kan julle meer sirkels maak.

Benodighede:

- 2 hula-hoops per groep of sirkel kinders

Poppekas storie

Opsomming van storie

Mossie en Annapop is so bly dat hulle hierdie week Pinkster kon vier. Mossie is egter nou baie hartseer dat dit verby is. Annapop herinner hom dat dit nie net Pinkster-tyd is waar ons Pinkster kan vier nie, of dat dit nie net Pinkster-tyd is wanneer ons deur die Heilige Gees gevul word nie, maar dat Pinkster elke dag van die jaar is, en dat die Gees ons daaglik moet vul en lei. Die poppe is baie bly hieroor en wil graag die hele wêreld gaan verander met Jesus se liefde, deur die krag van die Heilige Gees.

Voorgestelde dialoog

(Die poppe word geroep en kom uit.)

Annapop: Hallo, maatjies!

Mossie: Hallo, maatjies!

Annapop: Hoe gaan dit vandag met julle? *(gee kans sodat die kinders kan reageer)* En hoe gaan dit vandag met jou Mossie?

Mossie: Sleg!

Annapop: Sleg? Hoekom gaan dit sleg met jou?

Mossie: Dit was so lekker om Pinkster te kon vier, maar nou is dit verby, en nou moet ons wag tot volgende jaar om weer Pinkster te hê!

Annapop: Haai, Mossie, dis regtig nie so erg nie!

Mossie: En sê nou maar iemand was gemis, en was nie gevul met die Heilige Gees nie, dan moet hulle nou ook tot volgende jaar wag vir die Heilige Gees! Dit is vir my baie sleg.

Annapop: Hmmm, Mossie, ek dink nie dis hoe dit werk nie.

Mossie: En, wat as ek weer wil bid dat die Heilige Gees my weer vul? Ek moet ook wag vir volgende jaar!

Annapop: Ai, Mossie, dit werk nie so nie!

Mossie: Regtig?

Annapop: Ek is nie seker nie, maar ek dink nie die Heilige Gees sit en kyk vir ons, en sê dat ons net een keer 'n jaar oor hom mag praat nie, of dat ons net een keer 'n jaar oor Pinkster moet praat nie!

Mossie: Sjoë, ek het nog nie só daaraan gedink nie! Maar dit beteken dan seker dat elke dag Pinkster is, want die Heilige Gees is elke dag in ons en by ons!

Annapop: Ja! Ek dink dat al is Pinkster-tyd net een week in 'n jaar, waar ons vier hoe die Heilige Gees eers oor die kerk uitgestort is, hoef ons nie net Pinkster dan te vier nie!

Mossie: Ja, ons kan mos Pinkster elke dag vier!

Annapop: Ja, en ons kan elke dag gevul word met die Heilige Gees om meer soos Jesus te word!

Mossie: Sjoe, maar dit is fantasties! So, Annapop, nou dat ons weet dat Pinkster elke dag is, en dat die Heilige Gees elke dag in ons harte woon en vir ons lei, wat dink jy moet ons doen? Wat moet ons doen om Jesus se liefde te versprei?

Annapop: Ek weet nie. *(vir kinders)* Wat dink julle, maatjies?

(Gee kans vir terugvoer.)

Mossie: Ek dink, ons moet vir almal van Jesus se liefde vertel!

Annapop: En, ons moet ook vir almal Jesus se liefde fisies gaan wys, deur dinge vir ander te doen!

Mossie: En ons kan almal gaan help wat arm is of hartseer is!

Annapop: En ons kan altyd Jesus by ons hê!

Mossie: Wow, as die Heilige Gees elke dag by ons is, dan is dit darem fantasties!

Annapop: En as die Heilige Gees elke dag in ons harte vir ons lei, dan sal die wêreld nooit weer dieselfde lyk nie!

Mossie: Ja, en almal sal vir Jesus ken!

Annapop: Nou, waarvoor wag ons? Kom ons gaan doen dit!

Mossie: Ja, kom ons gaan. Maar wat van die maatjies?

Annapop: Die Heilige Gees is oor ons almal uitgestort, ook oor almal van julle, maatjies!

Mossie: So, ons almal kan die wêreld gaan verander met Jesus se liefde.

Annapop: Ek en Mossie gaan sommer vandag begin. Gaan julle ook?

(Wag vir terugvoer.)

Mossie: Sjoe, dis wonderlik! Maar laat ons dan op pad wees, Annapop! Kom ons sê vir oulaas totsiens vir die maatjies!

Annapop: Ja! Kom ons tel tot drie, dan sê ons almal saam totsiens.

Mossie: Ja!

Annapop & Mossie: Een, twee, drie... Totsiens!

(Die poppe verdwyn weer. Die einde.)

Boodskap

Wow, wat 'n week! Hoe lekker is dit nie om opnuut te hoor waaroor Pinkster gaan nie! Waarvan het julle die meeste gehou hierdie week? *(Gee kans vir terugvoer.)* En wie weet wat Pinkster is? *(Gee weereens kans vir terugvoer.)* Ja, Pinkster is die dag waarop die Heilige Gees oor almal in die hele kerk vir die eerste keer uitgestort is, sodat ons elke dag Jesus se liefde kan gaan uitdra.

Kom ons hoor wat daardie dag gebeur het.

Lees **Handelinge 1:8,2:1-13**.

Al Jesus se volgelinge het bo in iemand se huis weggekruip, maar toe die Heilige Gees oor hulle gekom het, en hulle die vlamme op mekaar se koppe gesien het, kon hulle nie help om uit te gaan, na die mense vir wie hulle bang was, om vir hulle Jesus se liefde te gaan deel! Hulle was nie meer bang nie!

Meer as dit, het die Heilige Gees hulle ook in staat gestel om almal daar se eie tale te kan praat, sodat almal sou kon hoor en verstaan wat hulle sê! Is dit nie wonderlik nie! Nie net was hulle nie meer bang nie, maar die Heilige Gees het hulle gehelp om te doen wat hulle moes doen! En dit het so goed gewerk dat ongeveer 3,000 mense daardie dag vir Jesus leer ken het!

En dit is waarom ons Pinkster vier! Ons onthou dat vandag, en elke dag, ons moet bid dat die Heilige Gees in ons harte sal kom, dat hy meer van Jesus vir ons sal wys, en dat hy ons sal uitstuur om Jesus se liefde te gaan deel!

Dink net as ons elkeen toelaat dat die Heilige Gees in ons werk soos wat ons hierdie week oor gepraat het. Die wêreld sal nooit weer dieselfde lyk nie!

Aktiwiteit

Vuurtong-krone

Laat elke kind 'n vuurtong-kroon maak om hulle te herinner dat die Heilige Gees in ons harte woon, en dat ons, nes die dissipels waarvan daar in die ontmoeting gelees is, nou uitgestuur word om vir ander te gaan vertel van Jesus se liefde.




Benodighede:

- Inkleur kryte/potlode.
- Skêre.
- Gom, kleeflint, en/of krammasjiene.
- Karton om die kroon mee te maak, of 'n uitdruksel op karton of papier van die vuurtongkroon-templaar (aangeheg) sodat elke kind een kan kry.

Vuurong-krone vir aktiwiteit
Druk of kopieër gerus

Sny beide die kroon en die ekstra strokie uit

Plak aan mekaar vas sodat dit lank genoeg is om
om 'n kop te pas



Strokie

Kroon